

Om God te kan sien

Teks: Johannes 1: 15 -34
Teksvers: Johannes 1: 18

1. Inleiding

In 'n onlangse konferensie aanbieding reken 'n aanbieder dat die wêreld om ons vandag versadig is aan metafisiese verduidelikings. Of dan eenvoudiger gestel, mense wil nie meer iets oor die bonatuurlike hoor nie, want hulle het al alles oor die bonatuurlike gehoor. Maar waar laat dit dan die kerk en die stem van die Here? Want uiteraard is ons in die geloof besig met die bonatuurlik. Hierdie werklikheid rondom ons is gans te klein en eenvoudig om die heerlijkheid van God eers te kan probeer huisves.

Maar waarom hierdie oorversadigheid aan die bonatuurlike? Ons word vanoggend stil voor die ou bekende tema om God te kan sien. Maar onmiddelik moet ons uit hierdie oorversadigde oord vra of mense dan nog God wil sien? En leë kerk banke en lae geloofsbeoefening, gee miskien alreeds hierdie antwoord. Mense stel nie meer belangrik in God en geloof nie, want in ons land en omgewing kan die gevoel dat God van ons vergeet het maklik ontstaan.

Swaarkry tye is dikwels die vuur waaruit groei en ontwikkeling voortspruit. Die bybel leer ons immers, wees baie bly wanneer allerlei beproewings oor julle kom in Jakobus

1:2. Maar daar is ook 'n ander kant aan beproewing en swaarkry. Ons sien iets hiervan in Efesiërs 6:4 se opdrag in verband met kinders. Vaders word gemaan om nie te veroorsaak dat hulle kinders bitter en opstandig word, as gevolg van leiding onder streng ouerskap nie.

Maar ons hemelse Vader is geen aardse vader nie. Hy het nie tekortkominge nie en Sy wil is perfek. As ons dit tog maar net kan sien? Kom ons gaan kyk hoekom dit so moeilik is, in ons gevorderde era om vir God te kan sien.

2. Vasgevang in harde realiteit

'n Mens sal nou dink in die era waarin ons baie vooruitgang beleef, sal dit makliker wees om vir God te sien. Het ons nie net eenvoudig beter brille, skerm, toerusting om meer te kyk nie. En dit geld natuurlik nie net vir die fisiese sin van hierdie voorwerp nie. Dit geld ook in die figuurlike of abstrakte sin. Tog is die waarheid juis die teenoorgestelde.

Hierdie tegnologiese gevorderde instrumente en toerusting en self moderne idees en sienings neem dinge soms in 'n ander rigting. Dit kan op 'n manier as die produk van wetenskaplike voortuitgang gesien word. Een van die kern aspekte van

wetenskaplike navorsing bly steeds fisiese waarneming. Met ander voor ondersoek, meet en optekening van 'n voorwerp. Hierdie harde feite het 'n tipe koudheid aan die wetenskap gegee. Iets wat ons saam kan saamvat in die stelling: "sien is glo".

Selfs in ons teksgedeelte is iets van hierdie benadering sigbaar. Self al beskou ons die omstandighede rondom ons teksgedeelte vandag as baie antiek. Ons sien dat die priesters en leviëte van Jerusalem af 'n afvaardiging na Johannes stuur in vers 19. Want daar was mense wat gesien en ervaar het, nou moet daar verduidelik word.

Maar hierdie benadering vanuit 'n koue wetenskaplike hoek het ons as 'n ware vasgevang in hierdie realiteit. Die ateïstiese bewegings het spoedig ontwikkel in die onglangse geskiedenis. Dit is groeperings wat niks buite hierdie koue werklikheid wil erken nie. Egter ook in die kerk sien ons vandag hierdie aanslag. Die gedagte dat geloof en God niks meer as liefdadigheidsdiens aan jou naaste behels nie, is 'n uitvloeisel hiervan. Die kerk se tanne word dan eintlik getrek in die sien dat Sy nie 'n standpunt oor reg en verkeerd mag hê, daar moet eenvoudig net liefde bewys word.

Tog word so 'n benadering vinnig die gebied waar sonde gevoed en vertroetel word in die Naam van God.

En om God op hierdie manier te ontheilig is tog baie lasterlik.

3. Tervergeefse bonatuurlike oplossings

Om vasgevang te wees in hierdie koue wetenskaplike feitlikheid, is om steeds vas vasgevang te wees in 'n vorige filosofiese bedeling. Vandag is daar weer baie klem op abstrakte idees. En selfs die generering van 'n nuwe pseudo werklikheid. Ideologie en denkrigtings is baie gewild vandag. Ons sien dit ook dikwels ingedra in die geloof in. Selfs in ons teksgedeelte is die bewegings van die priesters en leviëte nog baie sterk. Daar is selfs 'n duidelike verwagting van Christus.

Die probleem in die konteks van ons teksgedeelte is juis die vooropgestelde idees oor Christus. Dit is dan ook hoekom hulle nie vir Jesus wil aanvaar as die Christus nie. Want die verlossing wat Hy bring lyk nie soos hulle verwag het nie. Maar ook wyer as die geloof, leef ons in 'n tyd waar hierdie abstrake oplossings en ideologie tot 'n bonatuurlike oplossing vergoddelik is. Ons kan maar net verwys na iets soos die demokrasie en multikulturele ingesteldheid in ons land en samelewing. Tog het die nie antwoorde en oplossings vir armoede en selfs vreemdelinge haat gebring nie.

Op 'n manier het dit die wêreld juis negatief begin stem teenoor hierdie abstrakte idees en bewegings. Dit het 'n verbitterdheid veroorsaak waarin

terug gegryp word na die koue harde wetenskaplike feitlikheid. Ongelukkig vir die kerk en die geloof is dit ook juis hier waar ons dan die afname sien in die aanvraag na bonatuurlike antwoorde. Oorversadig aan mislukte ideologie en bewegings vra mense van vandag nie meer na die bonatuurlike nie. En sien ons selfs dat daar gepoog word om die kerk so natuurlik en wetenskap verantwoordbaar as moontlik te kry.

Maar wanneer enige wêreldse filosofie of denkrigting die geloof binnegedra word volg dwalleer spoedig. Kort voor lank word die skrif verdraai en gemanipuleer om presies te sê wat mense eintlik wil hê dit moet.

4. Christus is en bly die een

God die hemelse Vader laat ons egter nie bloot rondtas in hierdie donker nie. Hy stuur, Sy enigebore Seun die ware lig na die wêreld. Skielik kan die mens sien. Buite Christus bly enige voorstelling, of dan konkreet making van God maar blote afbeelding. Afbeelding soos wat streng verbied word in tweede gebod. Maar in Christus kom God sigbaar tasbaar naby.

In die oorspronlike teks word die nabyheid van Christus tot die Vader beskryf met die woorde aan die boesem wees. Dit is dieselfde beskrywing waarvan ons lees tussen Abraham en Lasarus in Lukas 16:23 en

ook die apostel Johannes en Jesus in Johannes 13:23. Daarom is die enigste een wat in staat is om iets van God die Vader te openbaar, ons Here Jesus Christus juis omdat daar so 'n noue band is.

Om hierdie rede bly Christus die enigste hoof en regeerder van die kerk. Maar die vraag wat baie aktueel in die kerk is vandag is “wil ons hierdie enigste manier om God te sien steeds gebruik?” Jesus is soos Hy self sê in Johannes 14:6 die weg die waarheid en die lewe. En niemand kom na die Vader behalwe deur Hom.

Tog sien ons vandag hoe ander idees en selfs persoonlikhede maklik op Christus geprojekteer word en dan deur die kerk verkondig word. Daarom moet ons juis so versigtig wees wanneer iemand iets probeer regverdig en goedpraat met die persoonlikheid van Christus. Wat ons in die Woord het is woorde en optrede van Christus en dit is genoegsaam dat ons tot geloof kom. maar ook dat ons as kerk en uiteindelik samelewing te eer en verheerliking van God kan optree. Tog is dit juis in die kerk waar hierdie troon van die Seun gereeld in die gedrang kom. Maar ons kan in waarheid vandag weer diep in gehoorsaamheid neerbuig voor hierdie troon.

5. Slot

Ons kan laastens afsluit deur terug te keer na die versadigdheid gedagte. Soos ons gesê het, is daar 'n

versadigheid aan soeke na bonatuurlike antwoorde vandag. Dit spoel ook soms oor in 'n versadigheid aan geloof. Wanneer 'n mens met lidmate praat sê hulle soms hulle het al alles gehoor of gelees wat daar oor geloof te sê is. Tog weet ons dat die woord van God so onuitputbare bron van kennis en waarheid is, dat ons nooit gedurende ons aardse lewens alles sal weet nie.

Daarom is dit nie die einde van alles wat geweet en geken kan word van God nie. Dit is dikwels eerder maar net die einde van die mens se geloofsywer. Mense wil nie meer moeite doen met die geloof vandag nie. En deel van die rede hiervoor is die feit dat ons nie meer verstom staan voor die grootheid van God nie. God die skepper en onderhouer van die heelal laat ons nie meer met daardie onverwoordbare verbasing nie. Ons wil eerder die kerk, geloof en uiteindelik God manipuleer in ons wil in. Wanneer ons egter dit doen is daar nie veel grootheid en verbasing oor nie. Want ons is en bly maar swak en sondige mense.

Maar hier waar ons nou aan die begin van 'n nuwe skool kwartaal staan het ons die voorreg. Daardie voorreg om opnuut verbaas te word deur die grootheid, almag en liefde van God. Ons het daardie voorreg omdat ons skoongewas opnuut voor die Here kan staan. Kom ons pak hierdie kwartaal met daardie ywer in die geloof aan. Ywer wat ons beweeg om voortdurend

meer en meer van God te leer, sodat ons verwondering oor Hom net groter en groter word. Dit is wat dit uiteindelik beteken om te kan sien.

Amen